

Hoogtepunte van Ecsponent se tussentydse resultate vir die 6 maande geëindig 30 Junie 2016:

- Totale inkomste het met **74,7% tot R116.7 miljoen gestyg** (2015: R66.8 miljoen)
- Bruto wins **is op met 97,8%** tot R95.8 miljoen (2015: R48.4 miljoen)
- Bedryfswins het met **166,7% tot R58.4 miljoen toegeneem** (2015: R21,9 miljoen)
- Wins voor belasting **het gestyg met 61,5%** tot R28.5 miljoen (2015: R17.7 miljoen) en die verdienste per aandeel het met **26,3% tot 2,23 sent per aandeel toegeneem**.

■ Ecsponent toon eksponensiële groei

Ecsponent Beperk, die houermaatskappy van die Ecsponent Groep, het uitstekende tussentydse resultate vir die ses maande geëindig 30 Junie 2016 aangekondig. Daar is sterk fokus op groei en die toenemende verskaffing van nis finansiële dienste in Suid-Afrika, Botswana, Swaziland en Zambië.

Vooruitsigte vir die Ecsponent Groep

Kort na die aankondiging van resultate het Ecsponent Beperk op 10 Oktober 'n regte aanbod aan gewone aandeelhouers aangekondig met die doel om in nuwe geleenthede te belê. Die maatskappy se hoofaandeehouer, Mason Alexander onderskryf 40%, of R20 miljoen van hierdie regte aanbod en dit is 'n pluimpie vir die Ecsponent bestuurspan wat nou al vir ses agtereenvolgende jare groei syfers van meer as 100% toon.

Hierdie eksponensiële groei kan toegeskryf word aan Ecsponent se fokus op drie kern besigheidsafdelings:

1. Finansiële dienste in Suid Afrika
2. Finansiële dienste in Afrika
3. Privaat aandeel beleggings en transaksies

Om die Groep se fokus op hierdie afdelings vlymskerp te hou, is die bestuur gesteld daarop om hul onderliggende beleggings in elke afdeling gereeld te herevalueer en indien nodig aanpassings tot die samestelling te maak ten einde die uitstekende resultate van die afgelope paar jaar te herhaal.

Finansiële Dienste Suid-Afrika

"Die afgelope tydperk weerspieël buitengewone groei, veral in die finansiële dienste-afdeling wat gesekureerde krediet aan klein en medium ondernemings (SME's) bied," sê Terence Gregory, uitvoerende hoof van Ecsponent Beperk.

Die strategiese besluit om vroeg verlede jaar die kleinhandelskredietmark in Suid-Afrika te verlaat en te fokus op kredietverlening aan SME's en groter ondernemings, het onmiddellike voordele gebied. Die inkomste het met 378% tot R142.6 miljoen toegeneem wat die bedryfswins met 296.2% tot R92.7 miljoen laat styg het.

Die verskaffing van krediet aan SME's het nie net die marges van die Suid-Afrikaanse besighede verbeter nie, maar ook bykomende voordele ingehou — soos die verlaging van infrastruktuurkoste. Dit verskaf ook finansiering aan voorheen benadeelde maatskappye wat dikwels gediskwalifiseer word op

grond van hul beperkte krediet-rekord of risikometingsmodelle wat deur tradisionele finansiële instellings gebruik word.

Die befondsing vir die uitbreiding van die Groep se belange in Suid-Afrika word moontlik gemaak deur die Voorkeuraandele-program wat op die JSE genoteer is. Die maatskappy het ongeveer R441 miljoen met die program ingesamel sedert dit in 2014 bekend gestel is.

Finansiële Dienste Afrika

Die finansieringsmodel van Suid-Afrika is baie suksesvol en Ecsponent het dieselfde model ook met sukses in ander Afrikalande geïmplementeer.

"Daar is voortdurend geleenthede vir groei in die Finansiële Dienste sektor in die res van Afrika," sê Gregory. "Die Suid-Afrikaanse deel van die groep beheer die transaksies, terwyl elke land se eie infrastruktuur, stelsels, produkte en kundigheid benut word om aan die unieke behoeftes van die betrokke mark te voldoen."

In Botswana het Ecsponent 'n bestendige verbetering in sy omset getoon en met 51% tot R23.2 miljoen gegroei in die eerste helfte van die finansiële jaar.

In Swaziland is die kapitaalverkryginggeleenthede baie sterk op die sukses van die Suid-Afrikaanse bedrywighede gebaseer waar die krediettransaksies deurlopend gefinansier word. Swaziland se omset het met 209,2% tot R16.4 miljoen toegeneem en die bedryfswins met 1 401,8% tot R7.4 miljoen.

In Zambië het Ecsponent 'n Vlak 2 depositonemende lisensie verkry wat deur die Bank van Zambië gereguleer word en die direksie is van mening dat die Zambiese bedrywighede binnekort stewige opbrengste sal lewer.

Private aandeel transaksies brei uit

In sy kommentaar oor die private aandeel transaksies van die groep het Gregory die volgende gesê: "Ons biotegnologie bedrywighede belê in die ontwikkeling van nuwe en uitgebreide reeks produkte wat stamselbloed en -weefsel insluit maar ook nuwe produkte wat die lewenskwaliteit van veral kinders wat aan metaboliese siektes ly kan verbeter.

"Ons is opgewonde oor die geleenthede wat geskep word deur die Groep se fokus op sy kern funksies wat die dryfkrag sal wees om verdere sukses te verseker."

Meer inkomste, minder swoeg en sweet

Om passiewe inkomste te verdien, is 'n beleggingstrategie wat geleidelik welvaart skep sonder dat jy daarvoor hoef te werk. Dis 'n strategie wat jou geld kan laat verdien terwyl jy luilekker in die Bahamas onder 'n palmboom 'n pienk Margarita sit en drink.



Hoewel dit nie heeltemal so eenvoudig is nie, is dit egter 'n belangrike bron van inkomste, veral vir mense wat bekommerd is dat hulle nie by hul werk genoeg verdien om eendag onafhanklik af te tree nie.

Dit is bykomend tot jou inkomste, ongeag van wat jy as werknemer of kontrakteur maandeliks verdien. Dit kan inkomste uit huur, tantieme en onder meer dividendinkomste uit aandele insluit. Dit is waar jou geld meer geld maak sonder enige groot moeite van jou kant.

Werk jy vir geld, of werk geld vir jou?

Jy kan sestien uur per dag werk en so jou tyd vir geld verruil, maar daar is perke. Daar is immers net 24 uur in 'n dag en al werk jy sonder ophou, gaan dit jou nie noodwendig finansiële vry maak nie en gaan jy jouself waarskynlik net uitbrand.

Moenie harder werk nie... werk slimmer!

Passiewe inkomste is 'n slim en pynlose manier om inkomste te skep om die gehalte van jou lewe te verbeter. Dit maak jou minder afhanklik van 'n salaris, sodat jy ook ander dinge kan doen wat vir jou belangrik is, soos om te reis of 'n stokperdjie te beoefen.

As jy nie slimmer werk nie, sal daar altyd 'n beperking op jou welvaart wees. Net so kan jy net finansiële vry word, as jy inkomste ontvang waarvoor jy nie hoef te werk nie.

Geduld skep welvaart

Passiewe inkomste moet ook as 'n koop-en-hou-belegging gesien word. Met aktiewe beleggings word korttermyn gewin nagestreef, wat verg dat jy markte dophou en probeer voorspel. Dit kos jou tyd en geld. In teenstelling daarmee beloon passiewe beleggings jou oor die lang termyn met welvaart wat geleidelik opgebou word. Dit kos tyd en geduld en hoe vroeër jy begin, hoe ryklikker word jy beloon.

Niks is verniet nie

Mense word dikwels verras deur die hoeveelheid tyd, werk en geld wat vereis word om 'n betekenisvolle bron van passiewe inkomste te skep.

Niks in die lewe is verniet nie en passiewe inkomste vereis dat jy minstens die geld vooruit moet verdien voor dit vir jou kan werk. Die risiko is dat jy jou maandelikse bron van inkomste kan skaad as jy te veel tyd of geld bestee om die passiewe bron van inkomste te bou.

Huureiendom versus dividende

Beleggings in huureiendom word dikwels voorgedra as die ideale manier om passiewe inkomste te verdien. Jy moet egter in ag neem wat die opbrengs van die eiendom gaan wees, koste en uitgawes en die finansiële risiko om die eiendom te besit.

Die risiko alleen behels kernvrae: Is daar 'n mark vir die betrokke eiendom? Sal jou huurder stiptelik betaal? Indien nie, sal jy van die persoon ontslae kan raak? Sal die huurder jou

eiendom oppas of beskadig? Sal die huurgeld die uitgawes van die verband, onderhoud en ander koste dek?

'n Ingenieur van Somerset-Wes het oor byna twee dekades tien studentewoonstelle op Stellenbosch gekoop. Hy wou nie glo dat aandele as bateklas, eiendom oor dekades heen geklop het nie. Vanjaar kon hy egter vir die eerste keer nie die gebruikelike huurverhoging van tien persent hef nie. Dis omdat nuwe koshuise en private woonstelblokke intussen gebou is en nou staan van sy woonstelle leeg. Studente wat opskop, het net verdwyn en van sy ander huurders is agterstallig met hul huur. Van die woonstelle is beskadig en hy bestee nou soveel tyd aan die woonstelle dat sy praktyk skade ly.

Boonop word hy aansienlik belas. Behalwe die belasting op huurinkomste is daar oordragbelasting met elke nuwe eiendom wat gekoop word en kapitaalwinstbelasting met die verkoop van elke eiendom.

In teenstelling met huureiendom verdien aandeelhouders van dividendportefeuljies maandeliks dividendinkomste van maatskappy waarin hulle belê.

Die riskante gedeelte is die keuse van die regte aandele wat jou kapitaal nie op risiko plaas nie en waar 'n betroubare maandelikse dividendinkomste uitbetaal word.

Kyk gerus na voorkeuraandele wat 'n vasgestelde maandelikse dividend uitbetaal, soos Klas C van Ecsponent wat ná belasting 'n netto opbrengs van 12,32% per jaar verseker. Daar is geen aanvangs- of jaarkoste nie en jy hoef nie tyd af te staan om voortdurend wysigings aan die portefeulje te maak nie. 'n Dividendkalender word uitgereik wat jou gerus stel in die wete dat jy presies weet op watter dag jou dividend betaal word en wat die waarde is. Boonop is die dividendbelasting reeds afgetrek en dit is gewoonlik aansienlik minder as die inkomstebelasting wat op huureiendom betaal word. Duidelik verdien jy meer by Ecsponent en boonop sonder al die gesweet om huureiendom te bestuur!

Besluit self wanneer jy wil aftree

Passiewe bronne van inkomste verseker jou van 'n inkomste sodat jy self kan besluit of jy vroeër of later wil aftree, want jy is in beheer van jou eie inkomste-situasie.

Met passiewe inkomste verdien jy meer as wat jy insit en jou tyd is dus nie proporsioneel tot jou inkomste nie. Dit verseker dat jy in die toekoms finansiële onafhanklik is en jare lank die vrugte van jou verstandige vooruitbeplanning kan pluk.

Tyd gee jou vryheid

Passiewe inkomste gee jou die vryheid om te besluit wat jy met jou tyd wil doen. Dit maak jou lewe meer buigsaam om na hartelus tyd aan jou gesin of belangstellings te bestee, nuwe dinge te leer, die lewe te geniet en jou drome te verwesenlik. Op dié manier is jy nie alleen slim met jou tyd nie, maar ook met jou geld!